

Daar is meer: Ons belydenis oor die Nagmaal is ‘n teologie van gemeenskap¹

Prof. GDS Smit, 2017

Inleiding

Is Christus in die Nagmaal teenwoordig? Die antwoord op hierdie vraag klink redelik eenvoudig: “Ja” of “Nee”. Aan die een kant is daar in hierdie geval die “nee-stemme” soos Bultmann, Schleiermacher en die Rasionalisme, wat meen dat Christus slegs teenwoordig is in die Nagmaal in dié mate wat Hy teenwoordig is in die gedagte van die kerk, naamlik as ‘n “gevoel” van teenwoordigheid². Hierteenoor vind ons die “ja-stemme”, wat bely dat Christus wel teenwoordig is in die Nagmaal. Die antwoord op die vraag: “hoe is Christus teenwoordig?”³ is egter uiteenlopend en die tema van eeue-oue debatte.

As ons in ag neem hoeveel eeue hierdie vraag al gedebatteer word, sou ons nie dalk kon volstaan met: “as die kerk eeue lank oor die tema van Christus se sakramentele teenwoordigheid debatteer, maak dit regtig saak presies wat ons glo oor sy teenwoordigheid, solank ons net bely dat Hy wel teenwoordig is?”. Die kwessie oor die teenwoordigheid van Christus is egter ‘n saak wat meer as bloot ‘n periferie-belydenis vir die kerk kan wees. Volgens John Nevin, kan dit in ‘n sin beskou word as die wesensvraag vir die bestaan van die sigbare kerk⁴. Want die Christendom is gebaseer op die belydenis van die eenheid van die gelowige met Christus, wat sy sigbare hoogtepunt vind in die viering van die Nagmaal. Nevin gaan voort: *“It is a question of the utmost moment for theology and religion, which at this time particularly*

¹ Referaat gelewer by die Teologiese dag van die AP Akademie in Pretoria, 30 Januarie 2017.

² Vergelyk Nevin, John Williamson [1846] (2012). *The Mystical Presence. A VINDICATION OF THE REFORMED OR CALVINISTIC DOCTRINE OF THE HOLY EUCHARIST*, p. 24 vir ‘n uiteensetting van enkele van die Rasionalisme se argumente oor die teenwoordigheid (of nie) van Christus in die sakramente.

³ Hier word die vraag algemeen gestel in die “hoe” van Christus se teenwoordigheid, maar verwys dieperliggend na die vraag in watter mate Christus teenwoordig is in die wyn en brood? Vir sommige is Christus slegs simbolies teenwoordig, en vir ander weer latent teenwoordig in die brood en wyn en vir ander word die substansie van die brood en wyn letterlik verander in die liggaam en bloed van Christus. Hierdie verskille kom later aan die orde, maar vir eers word die vraag oor die teenwoordigheid van Christus bloot algemeen gestel.

⁴ Nevin, a.w., p. 47.

no friend of our evangelical Protestant faith should consider himself at liberty to overlook⁵. Hiermee maak die woorde van Littlejohn oor dié onderwerp besondere sin as hy sê: *“We remember so that we can know how to go forward, and we seek to recover lost resources so that we can pave a fresh future⁶”*.

Leithart⁷ verwys na ‘n voorval toe Thomas Aquinas ‘n vraag gevra is oor wat die “nut” van die sakramente sou wees. Aquinas haal toe vir Augustinus aan wat in sy geskrif teen Faustus (19,11) die vraag soos volg geantwoord het: “Geen godsdiens kan bestaan sonder tekens en simbole nie. Tekens en simbole is vir die kerk belangrik omdat die verlossing van die mens ‘n herstel van die volle mens behels, nie net in sy individuele sin nie, maar ook in sy sosiale sin. Omdat die mens nie kan bestaan sonder tekens, simbole, taal, verhoudinge en deelname nie, kan die kerk nie bestaan sonder sakramente nie”.

Die vraag: “hoe is Christus teenwoordig?” sou in hierdie verband ook verwoord kon word in die vraag: “op watter wyse is Christus teenwoordig?” Luther sou sê: Christus is in liggaam teenwoordig (ubikwiteitsleer)⁸. “Hy is slegs simbolies teenwoordig”, sou Zwingli sê, en in dié opsig is die Nagmaal ‘n teken. “Nee”, sê Calvyn, “daar is meer. Die Nagmaal is ‘n teken en seël”⁹.

Verskillende opinies

Soos reeds gemeld, is daar verskillende idees oor die “hoe” van die teenwoordigheid van Christus wat by verskillende kerklike groeperinge gevind kan word. Die idee is nie om hier ‘n volle oorsig oor hierdie teorieë en/of belydenisse te gee nie. Dit alleen sal etlike honderde bladsye beslaan. Ek poog om hier net ‘n oorsig te gee ter wille van oriëntering wanneer ons die vraag oor hoe ons Christus se sakramentele teenwoordigheid beskou, behandel.

⁵ Nevin, a.w., p. 48-49.

⁶ Littlejohn, W. Bradford. 2009. *The Mercersburg Theology and the Quest for Reformed Catholicity*. Pickwick Publications: Wipf and Stock Publishers. Kindle plek 64.

⁷ Leithart, Peter. 2009. *Against Christianity*. Canon Press. Kindle uitgawe. Kindle plekke 1070-1075.

⁸ Die *ubikwiteitsleer* (waar Christus is daar is sy liggaam, en waar sy liggaam is daar is Christus)

⁹ Vir ‘n goeie oorsig oor die verskille tussen Luther, Zwingli en Calvyn ten opsigte van die Nagmaal, kan die volgende werk gerus geraadpleeg word: Wylie, James. 1808-1890. [2013]. *The History of Protestantism (A complete history of the Christian Church)*. Delmarva Uitgewers. Kindle weergawe. Kindle plekke 33166-33169.

Die vroeg-Christelike kerk

Dit sou vir die doel van hierdie tema baie waardevol wees om in te gaan op die beskouing van die vroeg-Christelike kerk oor die Nagmaal, by name kerkvaders soos Chrysostomos, Cyprianus, Ignatius en Augustinus. Ons sal hier egter nie spesifiek daarna kan kyk nie. Aangesien die tema van hierdie aanbieding spesifiek op die sakramentsbeskouing in ons belydenisskrifte afstuur, sal ons beperk word tot enkele pennestrepe vanuit die Nuwe Testament na die Middeleeue.

In die Nuwe Testament lees ons dat die Christelike Jode steeds dikwels na die tempel opgegaan het, en selfs nog aan die offers deelgeneem het. Mettertyd het hierdie gebruik vervaag. Leithart meen dat dit duidelik was dat in 'n wêreld waarin die vloek van Eden in verskillende *stoicheia* vasgestel word, deur die rituele en wette van die Sanhedrin te moet nakom, die kerk 'n nuwe *post-stoicheia* patroon volg, waarin reinheid en heiligheid gestel word teenoor offers en priesters, tempels en plekke¹⁰. Dit lei noodwendig tot konflik en uiteindelik ook tot vervolging. By die heidene vind ons dus die eerste skeeftrekking van die Nagmaal, toe die Christene verdink word van kannibalisme omdat hulle tydens die Nagmaal die liggaam en bloed van Christus "eet en drink". Maar vir die Christene was daar egter geen twyfel oor wat by die Nagmaal gebeur en wat die wyn en brood beteken nie. Dit is duidelik dat daar by die vroeë kerk ook geen twyfel was of Christus by die Nagmaal teenwoordig is nie. Verder leer ons uit die kerkgeskiedenis dat daar tot aan die einde van die agtste eeu redelike eenstemmigheid onder Christene was ten opsigte van hulle beskouing oor die Nagmaal¹¹.

¹⁰ Leithart, Peter J. 2016. *Delivered from the Elements of the World: Atonement, Justification, Mission*. InterVarsity Press. Kindle Uitgawe. Kindle plekke 3447-3450.

¹¹ Vir 'n baie insiggewende oorsig oor die tydperk van die eerste kerkvaders tot en met Augustinus, kan die volgende werk met vrug geraadpleeg word: Hodges, George. *The Early Church - From Ignatius to Augustine*. Skyros Publishing. Hodges meld met betrekking tot die tema oor die Nagmaal ook enkele interessante gebeure waar verskille in die kerk oor die saak ontstaan het, maar soos hierbo genoem, is daar nie hier plek om daarop in te gaan nie.

Rooms Katolieke¹²

Wylie¹³ bevestig dat daar tot-en-met die 9 de eeu nie sprake van die Roomse Mis was nie. Dit het egter in 831 verander, toe 'n Roomse monnik met die naam van Paschasius Radbertus (afkomstig vanuit 'n kerk in die Franse Alpe) 'n werk gepubliseer het oor die sakrament as die liggaam en bloed van Christus¹⁴. Hierin was twee basiese argumente aangevoer: die liggaam en bloed van Christus is werklik in die Nagmaal teenwoordig, en die liggaam wat teenwoordig is, is dieselfde een wat gebore is uit die maagd Maria. Die standpunte van Radbertus het onmiddellik 'n baie sterk aanhang gehad, en terselfdertyd ook bittere teenstanders (onder andere Johannes Scotus 815-877). Die leraars van die noorde en suide van die Alpe het nie met Radbertus saamgestem oor alles nie, maar Wylie meen dat hulle sy standpunt oor die Nagmaal aanvaar het as in geneem word dat hulle Radbertus aangemoedig het om aan te hou met sy prediking oor die onderwerp¹⁵. Dit is duidelik uit die geskiedenis dat die transsubstansiasie-leer hier in die negende eeu nog nie algemeen bekend was nie. Hierná het die steun vir die leer oor die transsubstansiasie geleidelik in groot dele van Europa toegeneem.

Die standpunte van Radbertus oor die Nagmaal het vir die eerste maal na Engeland gekom deur Willem die Veroweraar, wat Normandiese priesters na Engeland gebring het vir sendingwerk onder die Angel-Sakse. Wylie is van mening dat dit hoogs onwaarskynlik sou wees dat die Engelse bevolking krities sou dink oor die Nagmaal aangesien hulle op daardie stadium uiters onkundig was oor die leer van die kerk en die Bybel¹⁶. John Wycliffe het eers in 1381 sy besware teen die Roomse transsubstansiasie in Engeland gepubliseer. Dit is om hierdie rede dat John Wycliffe beskou kan word as die vader van die Reformasie¹⁷. Wylie haal

¹² Die Rooms-Katolieke Internasionale Kommissie was 'n studiegroep wat in die lewe geroep is nadat Aartsbiskop A.M. Ramsey Rome besoek het in 1966. Die algemene velde waarin die Rooms-Katolieke van mening was hulle studie benodig, was: Die nagmaal, die bediening en die gesag van die kerk. Die finale verslag is gepubliseer in: *The Final Report*. 1992. London: Catholic Truth Society/SPCK. Hierin volstaan die Rooms-Katolieke kerk met hulle standpunt oor die Mis.

¹³ Wylie, James. 1808-1890. [2013]. *The History of Protestantism (A complete history of the Christian Church)*. Delmarva Uitgewers. Kindle weergawe. Kindle plek 731.

¹⁴ Die werk is in Engels beskikbaar onder die titel: *Concerning the Sacrament of the Body and Blood of Christ*. Sover ek kon vasstel, is daar geen elektroniese weergawe van die werk beskikbaar nie.

¹⁵ Wylie, a.w., Kindle plek 732-736.

¹⁶ Wylie, a.w. Kindle plek 3725.

¹⁷ Wycliffe het onder meer die Bybel vertaal en opleiding aan predikante georganiseer.

Knighton aan¹⁸ wat meen dat Wycliffe self voor sy dood geskryf het dat 'n derde van al die priesters in Engeland sy standpunt oor die Nagmaal aanvaar. Volgens Knighton het sy vyande gesê: “*Jy kan nie twee mense op die hoofpad ontmoet nie, of een van hulle is 'n Wycliffiet*”.

Charles Hodge¹⁹ gee 'n oorsig oor die Rooms-Katolieke beskouing van die Nagmaal waarin hy die volgende 3 hoofsake identifiseer:

- a) Wanneer die priester die brood en wyn instel, word die substansie van die brood en die wyn verander na die substansie van die vleeslike liggaam en bloed van Christus (transsubstansiasieleer).
- b) Omdat die liggaam en Gees van Christus onskeibaar is, is die een waar die ander is (*ubikwiteitsleer*, vergelyk voetnota 8). Die hele Christus is dus teenwoordig in die brood (*hostia*) en om dié rede mag daar nie 'n krummel van die brood vermors word nie²⁰.
- c) Die Nagmaal is 'n hernude offer vir die sonde, wat deur die aanwesige priesters bewerk word (*ex opere operato*).

Leithart lewer kritiek op die Roomse Mis wat deur die Roomse kerk as offer verstaan word. Hy toon aan dat die Rooms-Katolieke kerk deur die Mis 'n soort “nuwe Judaïsme” ingestel het, vermeng met rituele vanuit die heidendom²¹. Hy meen dat die hervormers die Roomse rituele verwerp het, aan die een kant omdat daar net te veel was, maar aan die ander kant omdat dit baie ooreengekom het met die rituele van die Judaïsme. Waar die Jodedom offers moes bring ter wille van die sonde, het die Rooms-Katolieke kerk die Mis gebruik as 'n offerstelsel soortgelyk aan dié van die Judaïsme. Vir die hervormers het dit geblyk dat die Roomse Mis Christus as't ware herhaaldelik “slag” soos die brandoffer van die Ou Testament²². Daarteenoor het die hervormers geglo dat die Nagmaal geen nuwe offer moes bring nie, maar die afgehandelde offer moes herdenk²³.

¹⁸ Wylie, a.w. Kindle plek 3996

¹⁹ Hodge, Charles. s.a. [2013]. *Systematic Theology: The Complete Three Volumes*. GLH Uitgewers. Kindle Uitgawe. Kindle plekke 3007-3013.

²⁰ Hierdie is die hoofrede waarom die Roomse Mis deur die hervormers verwerp is.

²¹ Leithart, Peter. 2009. *Against Christianity*. Canon Press. Kindle uitgawe. Kindle plekke 998-1000.

²² Leithart, a.w., Kindle plek 4001-4003.

²³ Vir meer hieroor kan die volgende werk geraadpleeg word: Pearson, George (red.). 1844. *Miles Coverdale: Writings and Translations*. Cambridge: Cambridge University Press, veral vanaf p. 452.

Leithart maan egter dat ons nie in ons kritiek op die Roomse kerk die hervormers as 'n tipe van profeet moet beskou nie. Calvyn het gesê dat die hervormers nie soos Israel se profete is nie, omdat die profete gepreek het teen die misbruik van goddelik-ingestelde feeste, terwyl die hervormers preek teen selfgemaakte rituele²⁴.

Ten opsigte van die leer van die Roomse kerk oor die Mis skryf Charles Hodge²⁵: *“Dit is vals om te beweer dat die Nagmaal aangewend kan word vir die vergifnis van sonde en geestelike voordele en dat die waarnemende priester enige middelaarsrol kan speel ... Christus is die enigste Middelaar tussen God en mens, Hy is die enigste Hoëpriester van ons beroep”*.

Vir die hervormers was dit 'n uitgemaakte saak dat 'n gereformeerde nie die Roomse Mis kan bywoon nie²⁶. Hoewel die hervormers lidmate verbied het om die Roomse Mis by te woon, was die lidmate van die Roomse kerk egter toegelaat om 'n protestantse nagmaal by te woon. In sy onlangse werk, vra Leithart die vraag waarom die protestante die Roomse Mis verafsku het, maar wel die Roomse doop aanvaar het?²⁷. Die antwoord blyk vir hom te lê in die feit dat die protestante sterker standpunt wou inneem teenoor die anabaptiste, en daarom geredeneer het dat die Rooms-Katolieke minstens as kinders in die Naam van Christus gedoop sou wees, en die feit dat die Rooms-Katolieke graag in die Protestantse Nagmaal wou deelneem alreeds genoegsame bewys is dat hy die nodige tekens van agterdog toon teenoor die Roomse Mis²⁸. Daarteenoor het Rooms-Katolieke die Protestante as ketters bestempel, en die twee groepe het mettertyd hulle eie weg gegaan en al hoe minder met mekaar te doen gehad.

²⁴ Leithart, a.w., Kindle plek 1000-1002

²⁵ Hodge, a.w. Kindle plek 20410.

²⁶ Vir voorbeelde van die Protestante se intense afkeur in die Roomse Mis, vergelyk: Holt, Mack P (red.). 2007. *“Divisions Within French Calvinism: Philippe Duplessis-Mornay and the Eucharist”* in *Adaptations of Calvinism in Reformation Europe: Essays in Honour of Brian G. Armstrong*. Farnham, VK: Ashgate, pp. 165-177.

²⁷ Leithart, Peter. 2016. *Delivered from the Elements of the World: Atonement, Justification, Mission*. InterVarsity Press. Kindle uitgawe. Kindle plekke 4033.

²⁸ Leithart, Ibid., Kindle plekke 4033-4041

Luther

In sy bekende werk, *Christianity and Liberalism*²⁹, gee Gresham Machen 'n oorsig oor die kenmerke van die Lutherse sakramentsbeskouing. In die Lutherse beskouing gaan dit oor die kwessie van die effektiwiteit van die sakramente. Teenoor Zwingli, wat homself sover as moontlik geposisioneer het van die Roomse Mis, het Luther hom so naby as moontlik aan die Roomse Mis geplaas³⁰. Teenoor die Roomse Mis en die transsubstansiasie-leer, aanvaar Luther dat Christus nie liggaamlik in die brood en wyn teenwoordig word deur die wyding van 'n priester nie, maar reeds "in, onder en deur" die brood en wyn liggaamlik teenwoordig is. Hieruit volg dat die Lutherse standpunt gedefinieer kan word as 'n *konsubstansiasie-leer*.

Ons kan nie Luther se standpunt aanvaar nie. Luther was verkeerd. Machen stel egter voor dat ons nie moet konsentreer op die foute wat Luther gemaak het nie, maar eerder moet erken dat sy foute ons help om die waarheid van die Skrif suiwer te verstaan³¹.

Die "Marburg Konferensie" tussen Luther en die afgevaardigdes van die Switserse reformasie was 'n geleentheid om die Protestante te verenig ten opsigte van die verstaan van die tafel van die Here. Zwingli en Oecolampadius, as verteenwoordigers van die Switserse reformasie, het egter geweier om Luther se standpunt te aanvaar dat Christus liggaamlik in, onder en deur die brood teenwoordig is en dat die brood en wyn in latente vorm die liggaam en bloed van Christus is. Daarteenoor het Luther geweier om te aanvaar dat die wyn en brood slegs simboliese heenwysing (of tekens) na die liggaam en bloed van Christus is. Machen meen die *Marburg Konferensie* het die Protestante meer skade as goed gedoen, aangesien die gemeenskaplike grond wat tot op daardie stadium tussen die Switserse en Duitse hervormers gewen was, tydens een konferensie verloor is³². Machen wys egter daarop dat ons nie Luther se standpunt te gou moet kritiseer nie. Luther was verkeerd oor die Nagmaal, maar dit sou

²⁹ Machen, J. Gresham. 1923. [2009]. *Christianity and Liberalism*. Kindle uitgawe. Kindle plekke 633-640.

³⁰ Die leer van die Lutherse kerk oor die Nagmaal word weergegee in "Articuli Visitatorii" wat in 1592 verskyn het. Hierin word van alle kerklike amptenare en leraars vereis om die leer van die *konsubstansiasie* te aanvaar ten einde status as leraar in die Lutherse kerk te kan hê.

Vergelyk ook: Hodge, Charles. s.a. [2013]. *Systematic Theology: The Complete Three Volumes*. GLH uitgewers. Kindle uitgawe. Kindle plekke 37018-37020.

³¹ Machen, a.w., Kindle plek 635.

³² Machen, a.w. Kindle plek 636-638

groter skade gewees het as Luther die leer oor die Nagmaal as 'n onbelangrike saak beskou het en sommer net toegegee het. In Luther en Zwingli se *Marburg Konferensie* wil Machen ons aandag vestig op hoe belangrik die kwessie oor die Nagmaal vir die hervormers was en hoe belangrik ons die Nagmaal behoort te beskou³³.

Zwingli

Zwingli is bekend vir die feit dat hy die transsubstansiasie-leer van die Roomse kerk verwerp het. Zwingli het egter so heftig teenoor die Roomse kerk standpunt ingeneem dat Christus vir hom slegs in simboliese vorm in die tekens van die wyn en brood teenwoordig kon wees³⁴. Volgens Payne³⁵ het Zwingli nie die twee nature van Christus geskei of ontken nie, maar gemeen dat daar 'n sterk onderskeid gemaak moet word tussen die twee nature. Volgens Packer was die woorde: "liggaamlik", "fisies" of "teenwoordig" vir Zwingli onaanvaarbaar in enige belydenis oor die Nagmaal³⁶.

Calvyn

Calvyn het die liggaamlike teenwoordigheid van Christus in die Nagmaal ontken, in dié opsig as wat dit deur die Rooms-Katolieke of Lutherse standpunte aanvaar word. Calvyn het egter geglo dat Christus "dinamies teenwoordig" is, aldus Hodge³⁷. Calvyn het dit by wyse van 'n vergelyking verklaar: soos die son in die hemel is, maar sy lig en hitte val op die aarde, so is Christus liggaamlik in die hemel maar sy verheerlikte liggaam straal 'n beïnvloeding uit wat tydens die Nagmaal aan die kerk toegedeel word. Op hierdie wyse, meen Calvyn, deel die kerk aan die liggaam en bloed van Christus³⁸.

Vir Calvyn was die Nagmaal as simbool van die werklike teenwoordigheid van Christus egter só belangrik dat hy die Nagmaal weekliks in Geneva bedien het³⁹, totdat hy belet was deur

³³ Machen, a.w., Kindle plek 639-640.

³⁴ Payne, J. B. 1984. "Zwingli and Luther—The Giant vs. Hercules" in *Christian History Magazine Uitgawe 4: Zwingli: Father of the Swiss Reformation*

³⁵ Payne, a.w. Onder die opskrif: *Christ: Human and Divine*

³⁶ Packer, JI. 1993. *Concise theology: a guide to historic Christian beliefs*. Wheaton, IL: Tyndale House

³⁷ Hodge, Charles. s.a. [2013]. *Systematic Theology: The Complete Three Volumes*. GLH Uitgewers. Kindle Uitgawe. Kindle plekke 36287-36290.

³⁸ Hodge, a.w., Kindle plek 36435

³⁹ Clark, R. Scott. 2008. *Recovering the Reformed Confession: Our Theology, Piety, and Practice*. P&R Publishing. Kindle Uitgawe. Kindle plek 7659-7664.

die stadsraad. In sy Institusie pleit Calvyn vir 'n weeklikse viering van die Nagmaal⁴⁰. In 1561 het Calvyn gesê dat hy dink dat die Nagmaal minstens een maal per maand gevier behoort te word. Clark haal Calvyn se Engelse weergawe van sy kerklike advies aan waar hy sê⁴¹: *“Nevertheless I undertook to have recorded in the public acts that our custom is corrupt, in order that correction might be easier and more free for future generations”*. Calvyn sê dus dat die Nagmaal so belangrik is, dat dit nie kwartaalliks as 'n tipe “heenwysing” na Christus herdenk kan word nie, maar omdat die Nagmaal die werklike teenwoordigheid van Christus gedenk (teken) en bevestig (seël) moet die kerk die Nagmaal gereeld vier. Dit is egter vreemd, meen Clark, dat Protestantse kerke, meer as 450 jaar nadat Calvyn die hoop uitgespreek het dat 'n volgende geslag meer vryheid sou hê as hyself, om die Nagmaal minstens maandeliks te vier, hulle steeds aan die Geneefse stadsraad bind eerder as aan Calvyn⁴².

Enkele rigtingwysers vir 'n teologie van gemeenskap

Dit is tot dusver duidelik dat die vraag oor die teenwoordigheid van Christus in die Nagmaal en die betekenis van die teenwoordigheid van Christus by die kerk belangrik is. Hier volg net nog 'n paar tersaaklike gedeeltes om hierdie saak af te rond.

In antwoord op die vraag hoe die elemente van die tafel van die Here verstaan moet word, antwoord die Heidelbergse Kategismus (HK), antwoord 79, dat die wyn en brood “die ware spys en drank is waardeur ons siele tot die ewige lewe gevoed word”⁴³. Die Kategismus sê nie die wyn en brood is metafories nie, maar “ware spys en drank”. R. Scott Clark sê hierop⁴⁴: *Gelowiges eet as't ware die “liggaam en bloed van Christus deur die werking van die Heilige Gees”*⁴⁵.

In die Westminster Belydenis (29.7) vind ons die aanhaling dat die gemeente uiterlik deelneem aan die sigbare elemente van die sakrament, maar innerlik daaraan deel het deur

⁴⁰ Calvyn, Institusie, 4.17.46.

⁴¹ Clark, a.w. Kindle plek 9483.

⁴² Clark, a.w. Kindle plek 9482.

⁴³ Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk, pp. 174-175.

⁴⁴ Clark, R. Scott. 2008. *Recovering the Reformed Confession: Our Theology, Piety, and Practice*. P&R Publishing. Kindle Uitgawe. Kindle plek 3506.

⁴⁵ HK antw. 79, Erediensboek, a.w., p. 175.

die geloof. Hoewel die deelname nie liggaamlik is nie, voed die gemeente hulle siele met die gawes van die kruisiging van Christus. Die liggaam van Christus is nie “in, onder of met” die brood en wyn nie, maar Christus is in die Nagmaal teenwoordig. Hierop verklaar Sproul⁴⁶ die Westminster Konfessie soos volg: In ons belydenis word onderskeid gemaak tussen die liggaamlike teenwoordigheid van Christus en die fisiese teenwoordigheid van Christus. Dit beteken dat Christus werklik teenwoordig is, en dat die Nagmaal nie alleen ‘n simboliese heenwysing na Christus in die hemel is nie. Om in liggaam afwesig te wees, beteken nie dat Christus afwesig is nie. In Johannes 13:13 gebruik Christus ‘n soortgelyke vergelyking as Hy sê dat dit nog ‘n klein tydjie is *wat Ek by julle is ... en waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie* maar in Mattheus 28:20 sê Hy: “...*Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld*”. Paulus sê ook dat hy Christus nie na die vlees (*kata sarka*) geken het nie, maar dit beteken nie dat hy Christus nie geken het nie⁴⁷. In dié verband verwerp ons Harpur se argument wat sê dat Paulus ‘n *mistieke Christus* gedien het, omdat hy hom nie geken het nie⁴⁸.

Dit is belangrik om hier die verskil met die Rooms-Katolieke standpunt uit te wys: in die Rooms-Katolieke beskouing van die Mis word die liggaam van Christus deur die handeling van die priester op ‘n mistieke wyse “afgebring” (*ex opere operato*) na die aarde om die brood en wyn in die werklike liggaam en bloed van Christus te verander. In hiërdie opsig is die liggaam van Christus vir hulle alomteenwoordig. Ons belydenisskrifte sê egter dat ons werklike gemeenskap het met die ware Christus tydens Nagmaal in sy goddelike (alomteenwoordige) natuur, terwyl sy liggaam in die hemel is⁴⁹. In dié opsig het Calvyn gemeen dat die “oneindigende” nie die “eindigende” kan bevat nie. Hiermee het Calvyn bloot bedoel dat die menslike liggaam van Christus nie alomteenwoordig is nie, terwyl Hy na sy Godheid wel is⁵⁰.

⁴⁶ Sproul R.C. 2013. *What is The Lord's Supper?* (Crucial Questions Series Book 16). Ligonier: Reformation Trust Publishing, pp. 45.

⁴⁷ Sproul, a.w., p. 45.

⁴⁸ Harpur, Tom. 2004. *The Pagan Christ*. New York: Walker Press, pp. 166-167.

⁴⁹ Sproul, a.w., p. 48.

⁵⁰ Calvyn, aangehaal in Sproul, a.w., p. 47-48

Die invloed van die Rasionalisme op die beskouing oor Christus se teenwoordigheid en ons gemeenskap met Hom

Dit is uit die geskiedenis duidelik dat die kerk die werklike teenwoordigheid van Christus in die Nagmaal bely het tot-en-met die koms van die rasionalisme.

Die Franse Revolusie kan tereg beskou word as die geboorte van die moderne, sekulêre samelewing. Voor die Franse Revolusie was die verhouding tussen die kerk en staat onlosmaaklik verbind. Leithart⁵¹ noem dit 'n tydperk van *simbiose* tussen die kerk en staat – die een kan nie sonder die ander nie. Na die Franse Revolusie was die naelstring tussen kerk en staat geknip en het die sekulêre staat as heerser en oorwinnaar uit die stryd getree. Die probleem hiermee was egter dat die kerk hierna as die stiefkind van die samelewing behandel sou word.

Leithart meen die beskouing van die kerk oor die Nagmaal is beïnvloed deur die rasionalisme aangesien, so meen hy, die kerk Nagmaal ná die Franse Revolusie as 'n openbare fees vier en nie meer as 'n gedenkmaaltyd nie. Tydens die Franse Revolusie, was die rekonstruksie van 'n verenigde Frankryk gewoonlik tydens openbare feeste bewerk. Volgens Leithart⁵² was dit veral die invloed van die Franse skilder, Jacques-Louis David, wat sigbaar geword het in hierdie tyd in die sekularisering van Frankryk. Volgens die historikus Jules Michelet het David die grootste rol gespeel om “tyd” en “ruimte” te verander van 'n spirituele konsep na 'n sekulêre konsep om sodoende as't ware 'n nuwe nasie los van die kerk te smee⁵³. Vanuit hierdie genoemde openbare feeste, was die nasie nie alleen losgemaak van die kerk nie, maar van hulle verstaan oor die heiligheid van tyd en ruimte. Dit het veroorsaak dat die kerk sy sakramente nie meer beskou het as heilige bondseëls nie, maar as openbare tekens waaraan enigeen kan deelneem. Vantevore was “heiligheid” aan die kerk verbind, by name aan die sakramente, en “tyd” en “ruimte” was verstaan vanuit Bybelse perspektief, maar na die Franse Revolusie het “heiligheid” meer-en-meer die versamelnaam vir die “kerk” geword en “tyd” en “ruimte” die domein van die sekulêre samelewing. Op hierdie subtiele manier, meen

⁵¹ Leithart, a.w., Kindle plek 4075.

⁵² Vergelyk in dié verband Leithart, a.w., Kindle plek 4089-4094.

⁵³ Leithart, Ibid., Kindle plek 4092

Leithart, het die sakramente hulle besondere betekenis in die lewe van die moderne mens verloor⁵⁴.

John Nevin. *The Mystical Presence*

In 'n era waartydens die kerk as instituut in Europa en die VSA in twee prominente rigtings begin skeur het, naamlik die “revivalism⁵⁵” aan die een kant en die “unitarianisme⁵⁶” aan die ander kant, vind ons die naam van John Williamson Nevin (1803-1886)⁵⁷ en die Mercersburg-teologie, wat ook verteenwoordig word deur name soos Horace Bushnell, Charles Hodge, James Henley Thornwell en Philip Schaff. Schaff is vandag meer bekend vir sy bydrae in die kerkgeskiedenis, maar word allerweë beskou as een van die belangrike dryfvere in die Mercersburg-teologie⁵⁸. Weens Nevin se opvlieënde persoonlikheid en skerp kritiek op veral die Princeton Seminarium se ondersteuning van die Puriteine, word sy werk nie met entoesiasme aanvaar deur die teoloë van sy tyd nie. Nevin het die Princeton Seminarium se groot oorlog teen die “revivalism” beskou as niks meer as ‘n simptoom van *individualistiese skisofrenie* nie, waardeur hy gemeen het dat hulle reeds oorgegee het aan die Rasionalisme maar dit nog self ontken⁵⁹. Charles Hodge sou later, met sy meer gemoedelike persoonlikheid, enkele aanhangers werf vir die teologie van Mercersburg, maar in ‘n groot mate is die Mercersburg-teologie nog onbekend.

Die Mercersburg-beweging was ‘n Protestantse beweging wat unitarianisme aan die een kant verwerp het, maar aan die ander kant ook die “revivalism” van die eerste Groot Herlewing in die VSA. Hulle het gemeen dat die Protestantse kerke hulle fokus begin verloor het en nie meer getrou is aan die Reformasie van die 16de eeu nie, by name dié van Calvyn. Die Mercersburg-beweging was van mening dat daar te veel gefokus word op die resente

⁵⁴ Leithart, Ibid. Kindle plek 4094

⁵⁵ Verteenwoordig in name soos Jonathan Edwards, George Whitefield, Samuel Davies en later, Charles Finney.

⁵⁶ Die opkoms van die Jehova-getuies kan direk aan die unitariër-beweging gekoppel word, wat die Drie-eenheid loën en bely dat God slegs een Persoon is, geopenbaar in verskillende modusse of entiteite; dat Christus wel deur God geïnspireer was, maar nie God self is nie, en dat die Heilige Gees die krag van God is, maar nie God nie.

⁵⁷ Vir ‘n uitgebreide studie oor die invloed van Nevin en die Mercersburg-teologie op die Protestantse kerke, raadpleeg: Nichols, James Hastings. 1961. *Romanticism in American Theology: Nevin and Schaff at Mercersburg*. Chicago: University of Chicago Press.

⁵⁸ Littlejohn, W. Bradford. 2009. *The Mercersburg Theology and the Quest for Reformed Catholicity*. Pickwick Publications: Wipf and Stock Publishers. Kindle plek 64.

⁵⁹ Littlejohn, a.w., p. 1.

geskiedenis van die Protestantse kerke (spesifiek vanaf die 16de eeu) en dat die kerk vergeet het dat sy wortels in die onsigbare kerk van die eeue lê. Die Reformasie het dus volgens hulle, nie geboorte gegee aan die Protestantse kerke nie, maar die Reformasie was bloot 'n terugbeweeg na die katolieke of algemene kerk⁶⁰ (Gr. *katholikos* – letterlik “*volgens die geheel*”) wat in die Middeleeue die spoor verloor het. Volgens die Mercersburg-teoloë het die hervormers die kerk wat opgehou het om katoliek te wees, teruggetrek na *katolisiteit* deur te wys op die Skrifbeginsels van die vroeë kerk. Maar, so meen hulle, moet die kerk nie ophou om katolieke eenheid te soek nie, aangesien hulle as liggaam van Christus ook die eenheid in Christus simboliseer.

Littlejohn beskou die Mercersburg-beweging as “Silenced Seers”⁶¹: “stil” – omdat weinig hulle aan die teologie van Nevin, Schaff en Hodge gesteur het; en “sieners” – omdat die verval waarteen hulle die kerk reeds in die 19de eeu gewaarsku het, die afgelope 100 jaar in baie Protestantse kerke gebeur het omdat daar nie diepsinnige reformerende denke is nie, maar 'n gevoel en houding dat ons reeds gearriveer het en die hervorming het plaasgevind, ons moet net in stand hou wat in die 16de eeu afgehandel is.

Nevin het 'n baie hoë waarde aan die sigbare kerk geheg. Hy het sterk aansluiting gevind by die kerkvader Cyprianus wat gesê het *dat jy nie God as Vader kan hê as jy nie die kerk as moeder het nie*⁶². Gevolglik het Chrysostomos, Augustinus en Cyprianus se teologie by Nevin sterk gefigureer.

⁶⁰ Die gebruik van die benaming katolieke kerk, verwys nie na 'n spesifieke groepering of teologie nie. Dit is afgelei van die Griekse woord *katholikos* wat algemeen of universeel beteken. Die woord word reeds gebruik deur Polibius (2e eeu vC) as 'n versamelnaam vir 'n groot skare. By Philo (1ste eeu nC) vind ons die woord verwysende na “algemeen” of “onsigbaar.” Dit is veral Ignatius in sy brief aan die gemeente van Smirna (ongeveer 110 nC) wat die woord “katolieke kerk” verwysende na die “algemene” of “universele kerk” bekend gemaak het. Dit is dus gepas dat hierdie gemeente van Smirna weer op hulle beurt na die ander gemeentes verwys as “katolieke kerke.” Ignatius se gebruik van die woord het dus by Smirna inslag gevind. Vergelyk in dié verband ook die gebruik van die woord in die Protestantse belydenisse, bv. NGb. Art. 27.

⁶¹ Littlejohn, a.w., p.1.

⁶² Cross, FL en Livingstone, EA (reds.). 1997. “Cyprian, St.” in *The Oxford Dictionary of the Christian Church*, Oxford.

Nevin het in 1821 by die Princeton Seminarium (wat toe nog in sy beginjare was) begin studeer⁶³. In die 11 jaar wat hy betrokke was by die Princeton Seminarium, het die Skots-Ierse Protestantisme vir hom steeds 'n groter aantrekkingskrag gehad as dié van die Westerse Pennsylvania⁶⁴. In 1840 is Nevin beroep na die teologiese fakulteit van die Duits-Gereformeerde Kerk in Mercersburg, Pennsylvania. In die tussentyd het Charles Finney sy werk op “revivalism” begin publiseer, wat die tweede Groot Herlewing ongeveer 'n eeu na Jonathan Edwards aan die gang gesit het⁶⁵. Nevin was nie baie beïndruk met die “herlewingsbewegings” van die afgelope eeu sedert Edwards nie, aangesien hulle herlewing gepreek het, maar nie 'n hoë waarde aan die kerk en sakramente geheg het nie. Kort hierna het hy begin gepubliseer teen “revivalism” en Protestantse kerke opgeroep om lidmate te leer hoe belangrik die kerk as instituut is.

Hughes Oliphant Old, in sy monumentale werk van 2013, getiteld: *Holy Communion in the Piety of the Reformed Church*, som die teologie van Nevin in 21 hoofgedagtes op. Sonder om op die hoofgedagtes in te gaan, kom die oorgrote meerderheid van hulle neer op twee punte: a) die uniekheid van die Nagmaal en die werklike teenwoordigheid van Christus in sy kerk deur die sakramente, en b) die eenheid tussen Christus en sy kerk strek wyer as die Reformasie en moet reeds in die Paradys gesoek word. Littlejohn⁶⁶ meen dat daar 'n derde aspek is wat beklemtoon behoort te word in die Mercersburg-teologie, naamlik *die belang van die geskiedenis van die kerk*. Gevolglik noem hy 3 punte waarin die Mercersburg-teologie opgesom kan word, naamlik: a) die aard en uniekheid van die kerk, b) die belang van die menswording van Christus en c) die belang van kerkgeskiedenis.

Sy groot werk, *The Mystical Presence*, het wye kritiek ontlok aangesien hy die teologie van hervormers soos Calvyn, Bullinger, Ursinus, Beza en ander in volle konsekwensie wou verstaan en deurvoer, en meen dat die houding van “garriveerdheid” by Protestantse kerke aan die een kant 'n meerderwaardigheid teenoor die kerkgeskiedenis en spesifiek teenoor die kerkvaders kweek, en aan die ander kant 'n louheid bewerk wat die kerk as reformerende

⁶³ Old, Hughes Oliphant. 2013. *Holy Communion in the Piety of the Reformed Church*. Powder Springs, GA: Tolle Lege Press, p. 754.

⁶⁴ Old, a.w., p. 755.

⁶⁵ Old, a.w., p. 755

⁶⁶ Littlejohn, a.w., p. 56.

kerk verander na 'n gereformeerde kerk (afgehandelde reformatie teenoor voortgaande reformatie). Nevin het die Protestante van sy tyd beskuldig dat hulle fokus verloor het op die sakramentele teenwoordigheid van Christus wat volgens hom duidelik in die hervormers se teologie teenwoordig was⁶⁷. Dit was Nevin se groot oortuiging dat baie Protestante so oorreageer teenoor die Roomse kerk dat hulle hul eie geskiedenis, by name die rol van die kerkvaders, afwater.

In verband met dié opvatting by sommige waarteen Nevin te velde trek, verwys Araraki (2014)⁶⁸ na Ralph Winter wat hierdie tendens by baie Protestante beskryf as die “BO-BO-teorie” – dit is die indruk dat die kerk “*Blinked-Out after the Apostles and Blinked-On with the Protestant Reformers*” en in die sowat 1000 jaar tussen-in is 'n groot vakuum waarin die Roomse Kerk iewers genoem behoort te word, maar soos 'n ouer broer in die tronk is – ons praat eerder nie daaroor nie.

Verder was Nevin van mening dat baie Protestante so oorreageer teenoor die Roomse transsubstansiasieleer in die Mis dat hulle eintlik Zwingliaans is en nie Calvinisties nie wanneer Christus net simbolies by die sakramente teenwoordig is as teken, en die seël van die Nagmaal verlore gaan. Die gevolg is dat die sakramentele afwesigheid van Christus in die teologie van baie Protestante vir hom uitloop op 'n totale afwesigheid van Christus in hulle lewe en erediens.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die vraag oor die sakramentele teenwoordigheid van Christus in die teologie van Nevin bekyk behoort te word as ons reg wil laat geskied aan die tema oor die beskouing van die sakramente en die teologie van gemeenskap.

Nevin⁶⁹ verwys in besonder na HK antwoord 75 waarin onder andere gestel word dat Christus “my siel, met sy gekruisigde liggaam en vergote bloed, so seker tot die ewige lewe voed ... as

⁶⁷ Old, a.w., p. 756.

⁶⁸ Araraki, R. 2014. *Calvin and the “Fall of the Church”*. Aanlyn beskikbaar by: <https://blogs.ancientfaith.com/orthodoxbridge/calvin-and-the-fall-of-the-church/>. Toegang: 29 Desember 2016.

⁶⁹ Nevin, a.w., p. 83.

gewisse waartekens van die liggaam en bloed van Christus...⁷⁰ en HK vraag 76 wat vra wat dit beteken om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy vergote bloed te drink? Daarna kom vraag 79 ter sprake waarom Christus die liggaam en bloed die Nuwe Testament in sy bloed noem?

Nevin beskou hierdie 3 vrae as die belangrikste vrae in Calvyn se Nagmaalsbeskouing⁷¹. Nevin meen dat dit duidelik is dat hier sprake is van 'n letterlike gemeenskap met Christus. Die gemeenskap, aldus Nevin, is nie vir die mond nie, maar vir die geloof, maar beslis 'n ware teenwoordigheid. Hiermee maak Nevin beswaar dat daar in die Protestantse viering bloot na die *teken* van die Nagmaal verwys word, en nie ook na die *seël* nie. Hy meen dat die tekens nie net getuig van die teenwoordigheid van Christus nie, maar dat die seël die waarheid van die werklike teenwoordigheid van Christus bevestig⁷². Om dus te beweer dat die Nagmaal 'n morele eenheid met Christus *symboliseer*, is om die nagmaal met 'n tautologie te oorlaai, terwyl die Kategismus duidelik 'n klimaks bedoel – nie 'n “en ook nog 'n seël nie” maar eerder “meer spesifiek 'n seël”. Nevin meen as ons die Kategismus tautologies wil verklaar, ons presies in belydenis by dié van Zwingli is. Die Kategismus sien die “teken” nie as 'n punt los van Christus nie, meen Nevin, maar in een sin met die seël soos Calvyn dit tereg beklemtoon het. Nevin gee toe dat hoewel ons geen afleiding kan maak dat Christus in liggaam teenwoordig is nie, dit nietemin absurd is om te dink dat die Kategismus nie in die woord “seël” iets meer bedoel nie⁷³. Die gelowige “eet en drink” tereg geestelik die liggaam en bloed van Christus, wat die gelowige op hierdie “mistieke” wyse gemeenskap met Christus laat hê.

Wat die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGb.) betref, is dit spesifiek Artikel 35 wat ter sprake is. Hier vind ons onder andere die volgende as belydenis: “...*Intussen dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet word, die eie bloed van Christus is nie; maar die wyse waarop ons dit gebruik, is nie met die mond van die liggaam nie, maar met die Gees deur die geloof*”⁷⁴. Hierop sê Nevin⁷⁵: die NGb. maak hier nie net melding van die gawes van sy lyding nie, maar van die

⁷⁰ Erediensboek van die AP Kerk, p. 172-173.

⁷¹ Nevin, a.w., p. 84.

⁷² Ibid., p. 84.

⁷³ Ibid., p. 85.

⁷⁴ Erediensboek van die AP Kerk, p. 141.

⁷⁵ Nevin, a.w., Kindle plek 4619.

Persoon van Christus wat deel word van die een wat die sakrament gebruik. Christene het 'n tweeledige natuur: een is natuurlik en die ander is geestelik – die een word deur natuurlike brood onderhou en die ander deur geestelike brood. Maar om Christus se liggaam te eet en sy bloed te drink, hoewel dit 'n geestelike “eet en drink” is, kan nie losgemaak word van die fisiese vrug wat by die bekering pas nie, wat nie geestelik is nie, maar fisies gesien behoort te word. Daarteenoor stel Nevin⁷⁶ dat die Puriteine die Nagmaal beskou as 'n “fourth of July celebration” waarin hulle, hoewel hulle dit bedien met die nodige eerbied, die misterie en betekenis van die Nagmaal laat verdwyn sodat dit niks meer as 'n post-Judaïstiese ritueel word nie. Vervolgens haal Nevin vir Dick aan wat sê dat die hervormers geen misterie in die Nagmaal bely het nie, maar die Nagmaal slegs figuurlik verstaan het⁷⁷, en toon dan aan dat Dick eintlik dan vir Calvyn beskuldig van dwaalleer, aangesien Calvyn op verskeie plekke in sy institusie na 'n onverklaarbare wonderwerk wat by die Nagmaal plaasvind⁷⁸, verwys.

Nevin het geglo dat die kerk van sy tyd siek geword het aan een van die kankers van die tyd, naamlik: herlewing, rasionalisme, piëtisme, individualisme of subjektivisme⁷⁹. Hy het geglo dat die Reformasie nie konsekwent deurgevoer is deur die opvolgers van die hervormers nie, en om dié rede verloor die kerk sy besondere gemeenskap met Christus. Sy oortuiging was dat die Reformasie nodig was, en goed was, maar nie klaar is nie.

'n Groot deel van Nevin se teologie handel oor die betekenis van Christus se menswording vir die kerk, meer besonder oor die kerk se eenheid met Christus (hy noem dit die *mistieke eenheid*). Nevin sou waarskynlik beter verstaan gewees het as hy die woorde *mistieke eenheid* vervang het met die meer Skrifgetroue *verbondseenheid*. Nevin was van mening dat die geskiedenis nie pouses neem nie⁸⁰ en daarom is die kerk van die Ou Testament en die kerk van die Nuwe Testament een kerk. Van-tyd-tot-tyd raak die kerk van die geskiedenis die spoor byster, maar as jy die kerk terugvoer na sy wortel, is die kerk in wese teenwoordig in die

⁷⁶ Nevin, a.w., p. 112.

⁷⁷ Nevin, a.w., p. 112.

⁷⁸ Nevin, a.w., p. 113.

⁷⁹ Littlejohn, a.w. Kindle plek 64.

⁸⁰ Littlejohn, a.w., p. 78.

Paradys. Om hierdie rede is die kerk “katoliek”, ongeag die verskillende strome waarin die kerk vloei in soverre as wat die kerk Christus as Verlosser bely⁸¹.

Nevin was oortuig dat die Puriteinse beskouing oor die kerkgeskiedenis nie korrek is nie. Die Puriteine het beweer dat daar gelowiges in die vroeë kerk was wat ware gemeenskap met Christus gehad het, dat daardie kerk in sy totaliteit ophou bestaan het, en dat die sigbare instelling van die ware gemeenskap met Christus tydens die Reformasie nuut gevorm het. Hierteenoor het Nevin volgehou dat die kerk “katoliek” was van die begin af, dat die kerk wel onsuiver geword het, en dat die Reformasie nodig was om die kerk terug te plaas op die spoor. Die Reformasie *moes baie gemors verwyder*, maar die kern van die Kerk was voor, tydens en na die Reformasie dieselfde, en in dié opsig deel die Reformasie met die kerk van die Middeleeue en daarvoor die een Fondament⁸².

Nevin het ‘n sterk oortuiging gehad dat alle mense solidariteit met Adam het in die sonde en ellende. Vir hom was Adam ‘n verbondsvertegenwoordiger vir die ganse menslike geslag. Om dié rede het Nevin die versoening van Christus beskou as ‘n versoening wat deur die grense van die Ou Testament breek, sodat die mens nie net universeel in een hoof, naamlik Adam in sonde saamgebind word nie, maar ook universeel onder een Hoof, naamlik Christus, in verlossing saamgebind word. Sy teologie van gemeenskap omsluit dus die kerk van die Ou en Nuwe verbond.

Enkele belangrike lesse

Dit is belangrik dat ons besin oor presies wat ons bedoel as ons sê dat die sakramente sigbare Woordverkondiging is. Leithart meen dat dit nie suiwer is as ons bloot na die sakramente verwys as sigbare Woordverkondiging nie, aangesien dit die uniekheid en besonderheid van die sakramente afbreek. Hy vra: waar in die Skrif word die sakramente so beskryf?⁸³. Sy argument is dat as die doop en nagmaal bylaes tot die Woordverkondiging is, dit óf kan beteken dat ons dink ons kan nie die Woord verstaan sonder die “bylaes” nie, óf kan beteken

⁸¹ Littlejohn, a.w., p. 81

⁸² Littlejohn, a.w., p. 82-83.

⁸³ Leithart, Peter. 2009. *Against Christianity*. Canon Press. Kindle uitgawe. Kindle plek 963.

dat ons sonder die “bylaes” net so goed kerk kan wees. Deur die sakramente so min te ag deur dit as “bylaes” tot die Woordverkondiging te beskou, neig na ‘n tendens in die Protestantse kringe van “primacy of the intellect”, aldus Leithart⁸⁴. Dit is rasionalisme. Is die doop en die nagmaal vir die kerk niks meer as ‘n sigbare preek nie? As dit meer is, wat is dit?

Is daar meer? Is die doop en nagmaal net simbole of werklik? Want ‘n vlag, en ‘n handdruk, en ‘n soen – dit is simbole, maar hierdie simbole het geweldige krag en hulle betekenis is werklik⁸⁵.

Tydens die laaste avondmaal het ons Here Jesus sy liggaam en bloed aan sy kerk gegee. Sy dissipels het as’t ware die bloed van die Paaslam aan die kosyne van hulle hart gesmeer en so van die engel van die dood vrygekom⁸⁶. Deur sy beker en brood te aanvaar, is hulle ingelyf in sy dood sodat hulle met Hom sou lewe. Die Nagmaal verkondig in wese ‘n teologie van gemeenskap. Dit gaan oor die lote wat verenig is in die Wynstok, sodat hulle vrug kan dra (vgl. Joh. 15). Die werkwoord “bly in My” (μένω) word 10 maal in hierdie hoofstuk herhaal. Boersma merk in hierdie konteks op dat dit duidelik is dat die Here wil hê ons moet kennis neem van dié werkwoord “bly in My”, aangesien die kerk maklik die spoor byster raak om nie in Hom te bly nie⁸⁷. R. Scott Clark vat die wese van die Nagmaal so saam: “*Feeding on him by faith..., trusting in his merits*”⁸⁸.

‘n Ware gemeenskap is moontlik as die verbondsvennote nie van mekaar geskei is of gefragmenteer is nie⁸⁹. Wanneer ons praat van die “werklike teenwoordigheid” van Christus, dink ons onwillekeurig aan die teologie van die Nagmaal. Natuurlik is daar verskillende beskouinge hieroor en natuurlik sal ons nie vandag die laaste woord oor die saak spreek nie.

⁸⁴ Ibid., Kindle plek 964-965.

⁸⁵ Ibid., Kindle plek 968.

⁸⁶ Leithart, Peter. 2016. *Delivered from the Elements of the World: Atonement, Justification, Mission*. InterVarsity Press. Kindle Uitgawe. Kindle plek 2341.

⁸⁷ Boersma, Hans. 2013. *Eucharistic Participation: The Reconfiguration of Time and Space*. Regent College Publishing. Kindle Uitgawe. Kindle plek 427.

⁸⁸ Clark, R. Scott. 2014. *Covenant, Justification, and Pastoral Ministry: Essays by the Faculty of Westminster Seminary California*. P&R Publishing. Kindle Uitgawe. Kindle plekke 6687-6689.

⁸⁹ Boersma, Hans. 2011. *Heavenly Participation: The Weaving of a Sacramental Tapestry*. Kindle Uitgawe. Kindle plekke 308-311.

Ons kan egter met Boersma⁹⁰ akkoord gaan as hy sê: die kerkvaders en die teoloë deur die eeue het na die wyn en brood gekyk as 'n sakrament wat die werklike teenwoordigheid van Christus uitbeeld, maar voor die koms van die rasionalisme was daar meer aan die Nagmaal – vir die kerk deur die eeue was die Nagmaal die venster waardeur Christus se ononderbroke teenwoordigheid in die ganse skepping versinnebeeld was.

Deur die viering van die Nagmaal het die kerk meer as sigbare Woordverkondiging bedoel, selfs meer as 'n teken – hulle het Christus se sakramentele teenwoordigheid en mag oor die ganse skepping herdenk en die kerk se besondere gemeenskap met Hom. Laat ons ernstig besin oor hoe belangrik die sakramente vir ons is.

'n Laaste gedagte: vir eeue het die kerk elke Sondag Nagmaal gevier en moontlik in teenreaksie op die Roomse ritualisme vier ons dit 4 maal per jaar? Behoort ons nie na te dink oor Calvyn se begeerte om 'n nageslag te sien wat vry genoeg is om die Nagmaal minstens maandeliks te vier nie? Wat leer die Nagmaal vir ons gemeente as ons die ware gemeenskap met ons Here net kwartaalliks herdenk.

Christus is nie net simbolies in die Nagmaal teenwoordig nie, dan is ons Zwingliaans. Dat die Nagmaal 'n teken en seël is, is ook meer as bloot 'n heenwysing. Dit is 'n werklikheid. 'n Werklikheid wat vir die kerk sê: julle het gemeenskap met Hom, en Hy is by julle tot aan die einde van die wêreld!

Is daar meer? Dit blyk: daar is! Wat?

⁹⁰ Boersma, 2011. Kindle plekke 312-319.